

Centurion Babasorg Sentrum

Agtergrond

My skooltjie het ongeveer 14 jaar gelede ontstaan uit my passie en liefde vir kinders. Ek kan met trots se dat die ouers en hul kinders deel word van 'n familie, eerder as 'n formele plek van opleiding.

Ons is 'n Afrikaans medium, voorskoolse sentrum, wat spesialiseer in die liefdevolle versorging en stimulering van babas vanaf twee maande tot vyf jaar oud. Ons gebruik hoofsaaklik OPTIMA en PRAKTIKA as ons opvoedkundige stelsels.

Onder leiding van myself, Adie Weideman, het baie voetjies al oor die jare uit my skool gestap, en presteer hulle baie goed op akademiese en op sport gebied waarookal hulle nou in "groot skool" is..

Ligging:

Estcourt rylaan 24, Wierdapark X 2, Centurion

Kontak besonderhede is:

Telefoon nommer: 012 653 3720

Selfoon nommer: 083 231 7781

E-pos: info@centurionbabasorg.co.za

Web tuiste www.centurionbabasorg.co.za

Facebook <https://www.facebook.com/centurionbabasorg.sentrum>

Ure :

Voldag: Vanaf half sewe tot ses uur saans

Halfdag: Vanaf half sewe tot twee uur in die middag

Personeel:

My personeel is toegewyd en pligsgetrou en is goed opgelei om na die kinders onder hulle sorg om te sien en die stimulasie programme aan te bied.

Ons is geregistreer by die VVOS (Vereeniging Vir Voorskoolse Onderwys) en as sulks gaan ek, sowel as my personeel, gereeld vir kursusse oor toepaslike onderwerpe. Toepaslike noodhulp opleiding word ook gereeld aan personeel aangebied.

Sekuriteit in die skool

Ons het 'n toegangsbeheer sisteem by die hek . Slegs ouers word voorsien van die toegangs kode. Kinders mag net deur hul ouers afgehaal word, tensy anders gereel met die onderwyser of met die kantoor.

Elke klassie is toegerus met twee kameras, en daar is ook kameras op die speelterrein. Daar is n monitor in die kantoor waarvandaan alle aktiwiteite in die klaskamers of op die speelterrein gemoniteer kan word. Sou daar 'n insident gebeur kan die kamera teruggespeel word om te kyk wat gebeur het.

Opvoedkundige stelsel

Ek glo kinders leer deur te speel. Hulle groot motoriese, fyn motoriese, sosiale vaardighede sowel as emosionele groei ontwikkel deur te klim en klouter, met fietsies op en af te ry op die speelterrein, bollemakiesies en wawiele te doen, om maar net 'n paar speelaktiwiteite te noem.

Die kinders moet ook leer om ook binne klas verband te werk. Ons werk elke week programme uit, gebasseer op die PRAKTIKA opvoedkundige stelsel , asook programme wat opgestel is deur arbeidstrapeute en ander opvoedkundige spesialiste, ten einde te verseker dat elke kind sy of haar mylpale bereik.

Baba klas

Elke baba het sy eie kot. Mamma stuur beddegoed van die huis af saam wat elke Vrydag huis toe gestuur word om gewas te word. Hierdie kot is kleinding se bedjie todat hy /sy groot genoeg is om geskuif te word na 'n ander klassie. Reg bokant die bedjie is baba se rakkie met sy/haar naam en met kleinding se eie mandjie waarin sy/haar boudjie salf, doeke en wetwipes in is.

Ons hou by mamma se roetine todat kleinding groot genoeg is om die skool se roetine te volg. Die babas word vasgehou met drinktyd en hul windjies word uitgeklop.

Ons stimulasie program begin by die heel kleinste babas want selfs babas het 'n oefen program nodig om hulle te help om hulle mylpale te bereik. So sal die oefen program byvoorbeeld konsentreer om die baba se maag en rug spiertjies te ontwikkel om hulle sodoende instaat te stel om op hulle eie te kan sit. Babas leer baie deur hul sensoriese waarneming en daarom is dit goed om hulle met bv jellie, pasta, of ander teksture, te laat speel. Om in die sandpit die growwe tekstuur van die sand en sand speelgoed te ervaar, is ook belangrik en daarom neem ons die babas na buite wanneer dit lekker warm is.

Medikasie

Medikasie word slegs toegedien op mamma se instruksies en slegs deur die juffrou in die klassie. Sou 'n kleinding koors ontwikkel word mamma eers gebel alvorens medikasie toegedien word.

Beserings (en beseringsverslag)

(In die geval van 'n besering word mamma gebel en daar word ook 'n verslag in die tassie gesit, nadat die toepaslike stappe geneem is om die besering te behandel.

Formele terugvoering

Elke mamma wil graag weet hoe haar kleinding vorder daarom gee ons gereeld terugvoering aan die ouers in die vorm van kwartaalike assesserings verslae, met 'n finale verslag verslae aan die einde van die jaar.

Ander aktiwiteite

Die volgende aktiwiteite word tans by die skool aangebied:

Monkeynatics (groot motories)

Kinderkinetika (Groot en fyn motories)

Wiskunde

Rugby

Ballet

Karate

Krieket

'n Gekwalifiseerde suster besoek ook elke week die skool om kinders te assesser en ouers van advies te bedien.

Slot

Ons hou van glimlaggies op gesiggies. Ons het die kryte, speelgoed, opvoedkundige programme en speletjies 'n lekker groot speelterrein en baie liefde. Ons kan regtig mooi omsien na jou kosbaarste besitting !!!